N.G. KERK IN S.A.
16-5-1961
ARGIEF.

HANDELINGE

van die

VIER-EN-SEWENTIGSTE VERGADERING

van die

HOOGEERWAARDE SINODE

van

Die NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN NATAL

op

WOENSDAG, 5 APRIL 1961

EN VOLGENDE DAE

Voorstel deur die Predikante van Vryheid & Utrecht: Die H.E. Sinode besluit dat die N.G. Kerk van Natal hom op hierdie stadium nie waag aan die oprigting van n eie Boekhandel nie, met behoud van bestaande Boekdepóts.

Hierdie voorstel word goedgekeur.

Die predikant van Estcourt spreek namens die H.E. Vergadering dank uit teenoor die Saakgelastigde vir sy ywer i.v.m. Kolportasie en boekdepót.

B.10. Druk- en afrolwerk:

(1) Kennis.

(2) Goedgekeur.

(3) Aanbevelings:

(a) Goedgekeur.

(b) Voeg in: Kerkwet „voorlopig" bepaal kan word. Goedgekeur.

(c) Goedgekeur.

(d) Goedgekeur.

B.11. Algemeen:

(1) Registers: Goedgekeur.

(2) Assuransies:

(a)-(c) Goedgekeur.

(3) Fondsinsamelingsveldtogte:

Goedgekeur.

(4) Onesimus: Goedgekeur.

(5) Skenkings: Kennis.

A.S.K.: Goedgekeur.

FONDSE ens:

C. 1. J.W. du Preez: Kennis. (Meintjes-broers verwys na Fondse).

C. 2. (a)-(c) Goedgekeur.

C. 3. Kennis.

Aanbeveling : Goedgekeur.

Voorstel (H.E. Actuarius en Assessor)

„Die H.E. Sinode besluit (1) Dat die Sinodale-saalboufonds gebruik sal word:

(a) vir die voorsiening van kerkkantore .

(b) Waar daar (nadat die nodige voorsiening in (a) genoem) nog geld mag oor wees, gaan dit vir die gedenkkerkfonds.

537/..... (c) Die

Artikel V reël 3: Goedgekeur.

Toevoeging: Art X 1(a): In te voeg na Gemeentes: en werkkringe

Art. X 1(e): Goedgekeur. Skrap ook Bantoeleraars.

D. Sinodale Besluite (Bl.197)

punt 23(2)(a). Goedgekeur.

Besluit 30: Revisie besluit. Skrapping: Goedgekeur.

B. Aanvullende Revisiewysiginge.

p.297 punt 5: Goedgekeur.

punt 6: Kennis.

C. Rapporte en Reglemente

I. Kennis.

II. Bylae I. Lees Bylae H. (p.311): Kennis. Hele aangeleentheid na Permanente Kommissie vir Regte.

III. Kennis. Afgehandel.

IV, V, VI: Kennis. Afgehandel.

D. Slot aanbevelinge (Algemeen)

(1) Afgehandel. Kennis van Revisie van Besluit p.93 (3)(a)

(2) Goedgekeur.

(3) Staan oor. Predikant van Durban-Suid vra revisie i.v.m. die druk van die Bepalinge, Reglemente en Vorms..

(4) Goedgekeur.

Dank aan Kommissie en in besonder aan Actuarius.

Voorstel: Predikant van Napierville en Predikant van Estcourt: Die H.E. Sinode besluit dat die opskrif van ons huidige wette en Bepalinge, Reglemente en vorms vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal. : Goedgekeur.

p.483. A.31. Addendum-Verslag: Kommissie vir Regte.

I. 1. Goedgekeur.

2. Goedgekeur.
(1),(2),(3); Afgehandel. Kennis.
(4) Goedgekeur.

II. N.V.S.B. en Kerklike Verband.

1 en 2. Goedgekeur.

3. Kennis.

4. Goedgekeur.

III. Konstitusie: Opleidingsinrigtings. Kennis. Vervang met volgende besluit:

(a) Dat die Reglement aanvaar word slegs as 'n voorlopige reëling om noodsaaklike werksaamhede te laat voortgaan.

(b) Dat die hele aangeleentheid verwys word na die Kommissie vir Actuarii van die Raad van Kerke met die opdrag om in oorleg

590//.... met die

ADDENNDUM VERSLAG VERTEENWOORDIGERS OP RAAD VAN KERKE.

Waarde heer en Brs,

U verteenwoordigers het op 22 Maart 1961 'n vergadering van hierdie Raad bygewoon en die volgende sake verdien die Sinode se aandag:

1. COTTESLOE- BESLUITE

Na 'n ernsitge debat oor hierdie aangeleentheid na aanleiding van 'n beskrywingspunt van Prof. Groenewald het die Raad van Kerke die volgende voorstel aangeneem:

"Hierdie vergadering, nadat dit kennisgeneem het van die verklaring, uitgereik deur die Kerke-Konferensie in Johannesburg Desember 1960, wil

I. a) dit herbevestig dat hy sy standpunt aangaande die beleid van afsonderlike ontwikkeling, soos deur die Kerk aanvaar en toegepas o.m. in die totstandkoming van agt lewenskragtige inheemse Kerk handhaaf;

b) met nadruk verklaar dat die beleid van differensiasie skriftuurlik gegrond is, die enigste realistiese oplossing vir die probleme van rasseverhoudinge in ons land aanbied en daarom die belange van alle bevolkingsgroepe die beste dien;

c) dit betreur dat in sommige kringe hierdie historiese beginselstandpunt voorgestel word as in stryd synde met die beste belange van die nie-blanke bevolkingsgroepe;

d) opnuut sy vaste voorneme boekstaaf om voortdurend en onvermoeid te ywer vir die billike en regverdige behandeling van alle mense in ons heterogene bevolking;

e) sy geloof in die gemeenskap van die heiliges en die eenheid van die gelowiges bely, met die vaste overtuiging egter dat intergrasie op kerklike en staatkundige gebied in ons land nie 'n demonstrasie hiervan is nie, maar sodanige eenheid eerder sal benadeel as bevorder.

II. Hoewel sommige van hierdie resolusies op sigself, indien anders geformuleer, nie onaanneemlik is nie, kan die vergadering hom met die bevindinge nie vereenselwig nie en wel om die volgende redes:

a) Die strekking van die geheel en die gesamentlike getuienis van die resolusies is sodanig dat dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling aantas en ondermyn;

b) sommige van die bevindinge is met die beginsel en beleid van differensiasie pertinent in stryd, bv. punte 15 en 16 waar politieke integrasie voorgestaan word, en punte 6 en 10 waar met 'n onverlaatbare aanwending van die Skrif sosiale en kerklike integrasie bepleit word,

c) 'n groot aantal van die resolusies handel oor sake van die praktiese politiek en die Kerk is nie geroepe om hom hieroor uit te spreek nie.

II. Hierdie vergadering betreur dit dat

/..... a) die .....

a) die bevindinge van die kerke-konferensie wêreldkundig gemaak is voordat ons Kerk deur sy vergaderinge geleentheid gehad het om hom daaroor uit te spreek

b) 'n aanval op die landsbeleid van hierdie verhoog gemaak is, terwyl die Kerk nog altyd toegang tot die regering gehad het waar daar besware teen die Regeringsbeleid en die toepassing daarvan was."

Punt I a.b.c.d.e. is eenparig aanvaar. Die ander punte is aanvaar met 5 of 6 teëstemme uit die totaal van 37 verteenwoordigers. Hieruit blyk dat daar 'n hoë mate van eenstemmigheid onder die afgevaardigdes was hoewel dit ook duidelik uit die minderheidstemme blyk dat daar beslis groot verskil van opinie heers oor die praktiese toepassing van die differensiasie beginsel.

II. LIDMAATSKAP WÊRELDRAAD VAN KERKE.

Dit was die oorwoë standpunt van u afgevaardigdes dat

(1) Hulle nie vrymoedigheid sou hê om Kerkvereniging aan te beveel by die Natalse Kerk solank die Transvaal en die Kaapprovinsie binne die Wêreldraad bly nie.

(2) Dat hulle uittrede uit Kerkvereniging sal aanbeveel indien 'n Nasionale Sinode in die toekoms tot aansluiting by die W.R. sou besluit.

Aan die einde van die debat is 'n voorstel van 'n Transvaalse verteenwoordiger(gesekondeer deur 'n Kaapse verteenwoordiger) met 'n oorweldigende meerderheid aangeneem waarin die Raad van Kerke die Kaapse en Transvaalse Kerke adviseer om onmiddellik uit te tree uit die Wêreldraad van Kerke.

III. BEARBEIDING VAN WEERMAG: (Punt A. bl.10, Agenda R.v.k. 1961)

Aanbeveling: Die Raad benoem met die oog op die dringendheid van die saak, onmiddellik 'n klein kommissie saamgestel uit o.a. die Actuarii en uit die Veldpredikers van ons Kerk om in oorleg met die Departement van Verdediging:

(a) wee en middele te beraam om die Kerk in gereedheid te bring om sy roeping en taak ten opsigte van die Weermag onverwyld te volbring indien daar 'n oorlog mag uitbreek en om ook die Weermag in vredestyd te bedien;

(b) om 'n studie te maak van die Kerkregtelike implikasies van die Kerk in die Weermag met besondere ondersoek van die stelsel in swang by ander Gereformeerde Kerke in die buiteland in hierdie verband;

(c) om hulle rapport so gou moontlik aan die Sinodes of Sinodale Kommissies voor te lê vir goedkeuring en uitvoering. Die korrespondensie en stukke in verband met hierdie saak sal vir hulle ter hand gestel word.

IV. BELYDENISVERANDERING: (Laat stuk no. 5, Beskrywingspunt.)

/ Insake .....

Insake Beskrywingspunt van Prof. H.D.J. du Toit oor Art. 36 van N.G.B.:
"Die Raad spreek hom uit oor die Belydenisverandering deur die Kaapse Kerk, toe die Sinode Art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gewysig het."
A. VOORGESKIEDENIS: In 1953 is deur die Kaapse Kerk 'n skrywe uit Nederland ontvang van 'n deputaatskap van die Gereformeerde Kerk aldaar (bestaande uit Proff. F.W. Grosheide, A.D. Polman, H.N. Ridderbos, Dr. L. van der Zanden en ds. J. Weggemans) waarin die Kaapse Kerk se voorlopige oordeel gevra word oor 'n wysiging van Art. 36, met die oog op "een gemeenschappelijke wyziging van de bestreden woorden van Art. 36 van de Confessie Belgica" aangaande die verhouding tussen Kerk en Staat, en wel na aanleiding van 'n uitspraak van die Geref. Oekumeniese Sinode van Amsterdam 1949.

Uit 'n elftal name van Kerke van Geref. belydenis aan wie die versoek gerig is, is van ons land net die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, en die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika genoem.
B. DIE VOORGESTELDE WYSIGING van die derde sinsnede van Art. 36 is as volg geformuleer: "En aldus geroepen by te dragen tot de opbouw van een Gode welgevallige samenleving der mensen, heeft de overheid, in onderwerping aan de wet Gods, Zich verre houdende van alle volstrekte machtsoefening, op het aan haar zorg toevertrouwde terrein en met de haar toekomende middelen, iedere belemmering voor de prediking van het Evangelie en voor geheel de heilige dienst van God weg te nemen, opdat het Woord des Heeren zyn loop hebbe, het Koninkryk van Jezus Christus voortgang vinde, en alle anti-christelike macht worde tegengestaan."
C. Die leerkommissie van die Kaapse Kerk het die stuk vir nadere ondersoek opgedra aan proff. B.B. Keet en F.J.M. Potgieter, wat aanbeveel het dat die wysiging onveranderd aanvaar word. So is dit aan die Sinodale Kommissie 1955 en later volle Sinode 1957 voorgelê, waarop laasgenoemde besluit het:
"Die H.E. Vergadering heg sy goedkeuring aan die verandering, maar besluit dat dit, wat ons Kerk betref, nie in werking sal tree alvorens Ord. 7 van 1843 herroep is nie." (Sien Acta Synodi 1957, p.394, 219 en 19)
D. By die Geref. Ekumeniese Sinode te Potchefstroom 1958 is gerapporteer dat die gewysigde formulering aanvaar is deur die Christian Reformed Church en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.A., maar dat die Gereformeerde Kerk hierte lande, sowel as die N.G. Kerk in Natal, Transvaal en O.V.S. die status quo handhaaf (Acta Geref. Ekumeniese Sinode 1958, p.32).

Die Raad van die Kerke het besluit: (a) Dat al die Gefed. Ned. Geref. Kerke versoek word om die wysiging van Art. 36, soos deur die Gereformeerde Kerke in Holland geformuleer, voorlopig te aanvaar, en dat dit deurgestuur word na die Raad van die Kerke of die Algemene Sinode vir aanbeveling."

(b) Dat daarna die gewysigde formulering van Art. 36 in die Formulierboek van die N.G. Kerke opgeneem word.
Ons beveel aan dat bogenoemde aanbevelings besluit van die vergadering sal word met die byvoeging aan einde van (b): „met dien verstande dat al die Gereformeerde Kerke eers hulle instemming daarmee sal betuig."
V. INSAKE KAPELANE VIR POLISIE EN GEVANGENISDIENS:
Aanbeveling: Die Raad aanvaar die memorandum soos voorgestel met die volgende

/.... wysiginge:...

Pt. 3 (a), (b) en (c) voeg in "betrokke" voor Moderatuur.

Pt 2 (c), Gemeentelike Kapelane word gewysig om te lees:

Wanneer daartoe versoek deur die Minister sal die betrokke Moderatuur, met die oog op die besondere vereistes van die Kapelaandiens, onderhandel met die betrokke Kerkraad en hulle versoek om uit n vrye groslys waarop die Moderatuur ook name mag plaas, drie name te kies. Hierdie drie name sal na goedkeuring deur die Moderatuur aan die Minister voorgedra word vir goedkeuring ..... verder dieselfde (sien Memorandum hierby aangeheg)

VI. 1. VRYMESSELARY: (Beskrywingspunt 2, bl. 43):

Die hele aangeleentheid word na die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke verwys om met n beredeneerde voorstel na die volgende vergadering te kom.

2. Predikante-salarisskaal: (Beskrywingspunt 3, bl. 43)

Die Sinodes wat dit nog nie gedoen het nie, sal poog om by Kerkrade die aanbevole salarisskaal wat reeds deur die meerderheid van die Sinodes goedgekeur is, ook by hulle Kerkrade aan te beveel.

3. Austin Friar's Kerk in Londen. (Punt F, bl. 10):

Die vergadering herbevestig sy vorige besluit Vg. Handelinge 1959 bl. 129.

4. Behoud van Salaris vir Afgevaardigdes na Sinodes: (Punt H, bl. 11)

Hierdie versoek word na die Inter-Kerklike Kommissie verwys.

5. Historiese Gemeenskap: (Punt N, bl. 11):

Die Kommissie vir Historiese Navorsing word gevra om n verteenwoordiger te benoem.

VII. 6. Offisiële Berigte in Kerkbode: (Punt B, bl. 10)

Hierdie vergadering beveel aan dat die onderskeie Sinodes voortaan vir die koste verbonde aan die publikasie van beskrywingspunte en notules sal instaan.

VIII. 7. Kerksensus: (Laat stuk, Bylae O):

Die vergadering neem met dank kennis van die bereidwilligheid van die Federale Raad vir die Diens van Barmhartigheid om weereens vir die opneem van die vyfjaarlikse kerksensus verantwoordelikheid te neem.

IX. ENGELSE N.G. KERKE: (Punt 7 I (ii)).

Die S.E.K. van die Noordstreek, (Transvaal) versoek die Raad, in die lig van die verskynsel dat alle Engelssprekendes (veral ook immigrante) nie n kerklike tuiste het nie en dat kinders van n Afrikaanse- en Engelssprekende ouerpaar dikwels nie by ons Sondagskool inskakel vanweë taalverskil nie, om ernstige aandag te verleen aan die wenslikheid en moontlikheid om n Engelse N.G. Kerk (Dutch Reformed Church) in die lewe te roep.

Aanbeveling: Die Raad besluit:

(a) Die stigting van afsonderlike Engelse N.G. Kerke kan nie aanbeveel word nie;

(b) Ons beklemtoon dat die evangelisasietaak die kerklosses van alle taalgroepe insluit.

(c) Die praktiese toepassing en implikasies van hierdie beginsel word oorgelaat vir studie en besluite aan die onderskeie Sinodes.

X. MIDDERNAGDIENS 31 MEI:

Die Kommissie aan wie opgedra is om die Raad met advies te dien omtrent die telefoniese versoek van die Voorsitter van die F.A.K., Prof. Dr. H.B. Thom,

/.....dat daar .....

dat daar in alle Kerke van die Gefedereerde Kerke om middernag 30/31 Mei eredienste gehou sal word teneinde die oorskakeling van 'n Monargie na 'n Republiek op 'n hoë peil te handhaaf, wil na ernstige oorweging en nadat gelet is op die praktiese besware wat so 'n versoek druk aanbeveel dat:

Aangesien reeds ander skikkings getref is deur sommige lede van die Gefedereerde Kerke word dit oorgelaat aan die onderskeie Moderature en aan die diskressie van elke Kerkraad.

XI. RAPPORTE VOOR RAAD VAN KERKE:

Die Raad van Kerke het die volgende rapporte behandel en goedgekeur:

(1) Status en betiteling van sendelinge in die Kerk.
(2) Die Kerkregtelike Posisie van die sendeling in die Kerk.
(3) Die Kerkregtelike Posisie van 'n mede- leraar met opdrag die sending.
(4) Amptenare van die Kerk as lede van Ring en Sinode.
(5) Verslag Kommissie vir Liturgiese hersiening.
(6) Die Gee van Tiendes.
(7) Egskeiding en Hertrou. Hierdie stuk word verwys na Kommissie vir Aktuele Sake van die Raad van Kerke.

Hopende dat ons aan ons opdrag voldoen het.

(Get.) H.J.C. Snijders.
F.N. van Niekerk.

Pietermaritzburg.
4 April 1961.